http://lexikos.journals.ac.za



**W.F.J. Steenkamp en/and H.J.J. Reynders (Hoofredakteurs/Chief Editors.** *Ekonomiese en Bedryfswoordeboek: Engels–Afrikaans/Dictionary of Economics and Business: English–Afrikaans*. Tweede, hersiene en vermeerderde uitgawe/Second, revised and enlarged edition. 2004, xii + 1199 pp. ISBN 1868900312. Kaapstad/Cape Town: Pharos Woordeboeke/Dictionaries. Prys/Price: R400.

Die *Ekonomiese en Bedryfswoordeboek/Dictionary of Economics and Business* (voortaan afgekort as EBW) is 'n hersiene en vermeerderde uitgawe van die *Ekonomiewoordeboek/Economics Dictionary* (EW) van W.F.J. Steenkamp wat reeds in 1976 verskyn het. In die voorberig van EW sê Steenkamp: "Die boek was ruim 'n kwarteeu in die maak" en "As hierdie laat vrug van ons taalbewegings egter daartoe bydra om die Afrikaans van die ekonomiese wetenskappe en die bedryfslewe te suiwer en te versterk, sal 'n mens jou met hierdie nalopery maklik genoeg kan versoen". En nou, na nog 28 jaar, verskyn die EBW onder die redaksiekomitee van wyle prof. W.F.J. Steenkamp en drr. C. de Jong, S.J. Kleu en H.J.J. Reynders. Hierdie EBW is dus die resultaat van meer as 50 jaar se entoesiasme vir Afrikaans en skerp taalkundige insig van al die instansies en persone wat op een of ander wyse 'n bydrae gelewer het tot die inhoud en totstandkoming daarvan. Met Engels as brontaal het die getal lemmas meer as verdubbel — van 39 000 tot oor die 90 000.

Die EBW lê in die kader van die gespesialiseerde leksikografie. Die omvattende behoefte deur dosente en studente, onderwysers en skoliere, skrywers van handboeke en vertalers, joernaliste en ander mediawerkers, staatsamptenare en sakelui aan so 'n gespesialiseerde woordeboek is veral gestimuleer deur 'n sterk groei in die ekonomiese literatuur en in dié van verwante wetenskappe wat, saam met die ontwikkelings in die bedryfslewe, om Afrikaanse terme gevra het. Sonder om aanspraak te maak op volmaaktheid voorsien die EBW dus minstens omvattend in die behoefte aan 'n Afrikaanse vakwoordeboek in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe met Engels as brontaal.

Die EBW as gespesialiseerde leksikografie bestryk die terrein van die makro- en die mikro-ekonomie. By die mikro-ekonomie is hoofsaaklik gefokus op die terme wat die meeste gebruik word in al die deelgebiede van die bedryfsekonomie. Die terme wat eintlik net deur die vakwetenskaplike en -kenner in 'n bepaalde deelgebied gebruik word, is dus uitgesluit. Voorts is sekere geselekteerde terme uit die onderskeie produksie- en bedryfstakke en verwante vakgebiede soos die statistiek en die versekeringswese, en wat dikwels deur ekonome en sakelui gebruik word, ook by die EBW ingesluit.

Die behandeling van die terme wat in die EBW opgeneem is, is besonder gebruikersvriendelik. Hierdie stelling word bevestig deur slegs in breë trekke te verwys na enkele hoofelemente van die behandeling.

— Die opname van trefwoorde is streng alfabeties maar met die gerief dat, indien 'n trefwoord meer as een betekenis het, die verskillende beteke-

http://lexikos.journals.ac.za



nisse onder mekaar geskryf is. Vir die gebruikers wat die woordeboek raadpleeg ten einde 'n beter begrip van 'n gespesialiseerde konsep binne 'n bepaalde studieveld te kry, is hierdie sistematiese ordening besonder nuttig. In hierdie sistematies geordende woordeboek word konsepte gerangskik volgens die verwantskap wat hulle met mekaar het. Die resultaat hiervan is 'n beter geheelbeeld van die bepaalde konsep.

— Baie moeite en noukeurige sorg is aan sinonieme en wisselvorme in die EBW gegee. So verskyn sinonieme en wisselvorme aan die Engelse kant alfabeties tussen hakies en word dit aan die Afrikaanse kant met kommas geskei. As die grondwoord meerdere sinonieme het, is 'n volle inskrywing van sinonieme by een grondwoord gedoen. 'n Lys van sinoniemgroepe in Afrikaans en Engels is ook saamgestel met, waar nodig, 'n aantekening oor die gebruik van die gegewe terme. Die voorkeurterme by sinonieme is in die woordelys met die boteken ' gemerk. Al hierdie handelinge rondom sinonieme het besondere voordele vir die gebruiker wat onmiddellik 'n duideliker beeld van die term wil kry.

— By baie terme is verbandswoorde of termtoeligting gevoeg. Verbandswoorde verskyn kursief gedruk tussen hakies aan die Engelse asook aan die Afrikaanse kant. Dit is gedoen om die gebruik en betekenis hier verder toe te lig — nog 'n voorbeeld van gebruikersvriendelikheid!

Wat die bylaes in die EBW betref, het die samestellers veral aan drie sake aandag gegee.

— Afkortings van uitgesoekte ekonomiese en bedryfsterme tans in gebruik in die sakelewe van Suid-Afrika word in Bylae A net in Engels gegee. Soortgelyke afkortings in Afrikaans ontbreek egter en sou besonder nuttig gewees het vir die Afrikaanssprekende woordeboekgebruiker.

— 'n Lys van die belangrikste Afrikaanse en Engelse sinoniemgroepe verskyn in Bylae B. Daar word volstaan met die opmerkings wat vroeër in hierdie resensie oor sinonieme en wisselvorme gemaak is.

— Bylae C wat handel oor die verantwoording vir die gebruik van sekere Afrikaanse en Engelse terme in die teks verdien spesiale vermelding. Dit is so dat heelwat debat deur belanghebbendes gevoer word oor die korrekte gebruik van sekere Afrikaanse en Engelse terme. Slegs enkele voorbeelde word genoem:

  - *advertering* versus *promotion* versus *publicity*;
  - *afskrywing* versus *waardevermindering* versus *depreciation*;
  - *bedryf* en sy verskillende woordverbindings;

http://lexikos.journals.ac.za



- *belegging* versus *investering*; en
- *doelmatig* versus *doeltreffend* versus *effektief*.

Die samestellers slaag doeltreffend (of is dit nou *doelmatig* of selfs *effektief*) daarin om bogenoemde en nog talle ander terme in perspektief te plaas en so die "regte" gebruik aan te dui.

Dit is egter opvallend dat die terme *onderneming/firm/enterprise/organization/organisasie/business/undertaking/company* wat dikwels as sinonieme gebruik word, nie ook in Bylae C behandel word nie. Die gebruik van die term *organisasie* in Afrikaans skep nogal heelwat verwarring in hierdie verband, veral as onthou word dat organisasie een van die elemente van die bestuurstaak is.

Voorgaande is slegs 'n baie hoë voëlvlug oor enkele aspekte van die formidabele *Ekonomiese en Bedryfswoordeboek*. Hierdie woordeboek kan slegs ten volle waardeer en na waarde geskat word as dit deur die onderskeie belanghebbendes ter hand geneem en bestudeer word.

Daar is werklik nou nie meer 'n verskoning vir veral nagraadse studente en skrywers van vakliteratuur in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe om nie hulle verhandelings, proefskrifte, handboeke, artikels en ander wetenskaplike geskrifte ook in Afrikaans te laat verskyn nie.

Trouens, die EBW behoort ook 'n einde te bring aan die dikwels slordige, anglisistiese, verkeerde en verwarrende woord- en termgebruike deur veral joernaliste en kommentators oor sake- en ekonomiese aangeleenthede in Afrikaans by die radio, televisie, koerante en ander kommunikasiemedia. As dit nie gaan gebeur nie, is die samestelling van hierdie monumentale EBW heelwaarskynlik tevergeefs!

Sieg Marx
*Voormalige Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Viserektor*
*Universiteit van Pretoria*
*Pretoria*
*Republiek van Suid-Afrika*